Die Gelowige as getuie in die wêreld?

Ds G N Bloem

Inleidende Opmerkings

Dikwels word die vraag gestel en al word dit nie altyd hardop uitgespreek nie bestaan daar soms bekommernis by van ons lidmate oor die vraag: Doen ek as gelowige genoeg wat die dienswerk van God in die wêreld betref? Verdere vrae in hierdie verband is: Wat moet of mag ek as gelowige doen wat die getuienistaak betref; mag ek as gewone lidmaat met ander mense uit die Bybel praat en indien wel, hoe moet ek dit doen? Hierdie vrae ontstaan gewoonlik omdat ons soms skuldig voel weens die feit dat ons nie altyd besig is met een of ander georganiseerde aksie of besondere "getuienislewering" nie. Die beskuldiging word ook dikwels teen ons kerk gerig dat die gewone lidmaat binne die ruimte en die raamwerk van die teenswoordige funksionering van die kerk nie sy eie talente en gawes ten volle kan ontwikkel en ontplooi nie. *Hoe moet die kerk nou sy werk verrig dat elke lidmaat sy roeping* as gelowige kan uitleef en andersyds nie die grens van hierdie "uitleef" oorskry nie? In hierdie verband kan gestel word dat 'n "domineeskerk" net soveel gevare inhou as die oorbeklemtoning van "leke-arbeid".

Voordat ons op hierdie vrae en probleme in die besonder ingaan, moet ons eers enkele ander noodsaaklike opmerkings maak.

Kerk en Ampte

Die Heidelbergse Kategismus omskryf die kerk soos volg: "Dat die Seun van God uit die ganse mensegeslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Woord en Gees in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly" (Sondag 21, Vraag en antwoord 54). God het die kerk dus met 'n besondere doel in aansyn geroep. Die kerk is die middel waarmee Hy mense wil roep en bewaar in die geloof. Dat God juis van die kerk gebruik wil maak, word deur die Nederlandse Geloofsbelydenis onder woorde gebring met die uitspraak: Buite die kerk is daar geen saligheid nie (art 28). Die wyse waarop God deur middel van sy kerk mense wil roep en bewaar in die geloof word in die opdrag aan die kerk baie duidelik gegee. Dit geskied langs die weg van die verkondigde Woord en die daarby behorende sakramente.

Nadat die Nederlandse Geloofsbelydenis gespreek het oor die kerk in die algemeen spreek dit verder oor die regering van die kerk. "Ons glo dat hierdie ware kerk geregeer moet word volgens die geestelike regering wat ons Here ons geleer het in sy Woord, naamlik dat daar dienaars of herders moet wees om die Woord van God te spreek en die sakramente te bedien; ook opsieners en diakens, om saam met die leraars die raad van die kerk te wees en deur hierdie mid-

del die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer sy loop het . . ." (art 30). Uit hierdie omskrywing is dit duidelik dat die Reformatore nie van gedagte was dat alle lidmate sondermeer geroepe is om Christus se opdrag aan sy kerk in die besonder tot uitvoer te bring nie. Die verkondiging word aan die dienaars van die Woord opgedra, die opsig aan die ouderlinge en die barmhartigheidsdiens aan die diakens.

Sy werk in die wêreld deur middel van sy kerk wil Christus in die besonder laat geskied deur die ampsdraers van die kerk. Efesiërs 4:11 en I Korintiers 12:28 sê duidelik dat "sommiges" en nie almal in die besonder geroep word om dienswerk in die koninkryk te verrig. Hiermee word die ampsdraer nie verhef bokant die gewone lidmaat nie. In die gemeente is daar nie sprake van een persoon wat belangriker is as 'n ander nie. Hier is alleen sprake van 'n funksionele andersheid. Dit is slegs 'n onderskeiding wat funksie of roeping betref. Sommiges roep God as ampsdraers en ander slegs as lidmate wat nie in 'n besondere amp staan nie. Hierdie feit dat almal nie tot besondere ampte geroep word nie, hef die gewone lidmaat se dienswerk egter nie op nie.

Elke lidmaat is geroep om mee te werk tot die bloei van die Godsryk in die algemeen. Ons kan dit so saamvat: Om die werk van die kerk enigsins te kan doen ooreenkomstig die bedoeling van God sal dit nodig wees dat die ampsdraers en die lidmate afsonderlik en gesamentlik moet besef dat hulle almal geroepe is om in die kerk dienswerk te verrig. Wat ons dus nou doen is om met inagneming van die besondere dienste wat alleen vir die ampsdraer bedoel is, die werk van die gelowige of "gewone lidmaat" te omskryf sonder om die nodige grense tussen lidmaat en ampsdraer te oorskry.

Voordat ons egter daarby kom, moet ons om enige misverstand later te voorkom eers kortliks nagaan wat verkondiging is. Verkondiging kan ons kortliks beskryf as die regte verklaring of uitleg en toepassing van die hele Skrif, wat die inhoud en die vorm betref, met betrekking tot die persoon, woord en werk van Jesus Christus. Verkondiging so beskryf, vereis baie duidelik 'n sekere wetenskaplike toerusting van die persoon wat die Woord moet verkondig, maar ook dat daar opsig en toesig oor die verkondiging uitgeoefen sal word.

Die Gelowige se Dienswerk in die Wêreld

Ons bepaal ons aandag hoofsaaklik by die lidmaat se dienswerk buite die gemeente en die erediens, met ander woorde in die wêreld. Ons moet egter daarop wys dat gemeente en wêreld hier eintlik nie vanmekaar losgemaak moet word nie. Daar bestaan nie so iets, of daar mag nie so iets bestaan as 'n gelowige lidmaat wat dienswerk in die wêreld doen los van die kerk en los van die erediens en alles wat daarmee saamhang nie. Voordat enige lidmaat enigsins uitvoering kan gee

aan enige dienswerk in die wêreld sal hy of sy eers daarvoor goed toegerus moet wees. Hierdie toerusting kan en mag ook nie geskied op enige willekeurige wyse nie. Volgens Efesiers 4:11 vind hierdie toerusting in die eerste plek plaas deur die bediening van die Woord. Die primêre dienswerk van die lidmaat, voordat hy enige ander dienswerk kan en mag doen, is om eers self voortdurend onder die geklank van die kerk se verkondigde Woord in al sy gestaltes te staan. Dit sal van die lidmaat vra dat hy Sondag sal afsonder as dag van die Here; dat hy elke Sondag, ja elke geleentheid wanneer die Woord bedien word, teenwoordig sal wees.

Die periode tussen die eredienste op Sondag en die eredienste volgende Sondag is eintlik die geleentheid wat vir ons lidmate die meeste probleme oplewer. Buite die erediens en gedurende die week is ons nie maar "Godlose" en "waardelose" wesens nie. Ons is ook dan geroep tot diens en die vraag is nou: Waaruit bestaan hierdie diens of wat word van my as gelowige lidmaat in hierdie tyd verwag?

Christus het by 'n geleentheid gesê en dit lyk nie na 'n uitspraak wat net gerig is tot sekere persone wat in die besonder geroep is nie: "Julle is die sout van die aarde" en "Julle is die lig van die wêreld". Die bedoeling is hier in kort, dat die gelowiges in die wêreld nie smaak moet verloor nie maar dat hulle die wêreld moet deursout. "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle *goeie werke* kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik". Hieruit word dit duidelik dat die gelowige se taak of die gelowige se getuienistaak eintlik tweeledig is naamlik Woord- en *daadgetuienis.* Hierdie twee, naamlik Woord- en daadgetuienis kan nie altyd van mekaar losgemaak word nie en gaan dikwels hand aan hand.

Dit gaan vir ons hier eintlik om die doodgewone vraag: Wie en wat 'n Christen is en dit word vir ons *nêrens* beter as in die Heidelbergse Katagismus omskryf nie. Op die vraag: "Maar waarom word u 'n Christen genoem?" antwoord die Kategismus: "Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing, om sy Naam te bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom toe te wy, met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel te stry . . ." (Vraag 32). Op grond van die deelhê aan die salwing van Christus is elke gelowige in die wêreld tot profeet, priester en koning geroep. Die lidmaat is nie net voorwerp van amptelike bearbeiding nie, maar is self tot arbeid geroep. Die kerk is nie soos 'n trein waarin almal passasiers is en daar net een drywer is nie.

Alhoewel ons hulle nie almal in kompartemente kan afbaken nie wil ons die taak van die gelowige onder die drie hoofde uiteensit: Die profetiese taak, die priesterlike taak en die koninklike taak, met verwysing na enkele ander Bybelse gegewens soos dit tot uiting behoort te kom in die lewe van elke dag.

Die Profetiese Taak

Die profetiese taak van elke lidmaat is om die Naam van Christus te bely. Dit hou in dat die gelowige in woord en daad teenoor alle mense en op alle plekke en onder alle omstandighede van die waarheid van God soos in Jesus Christus geopenbaar, getuie sal wees. Om dit te kan doen, sal elke lidmaat oor die noodsaaklike kennis uit die Bybel moet beskik, asook 'n kennis van die inhoud van die Belydenisskrifte van die kerk. Afgesien van die toerusting in die erediens is Bybellees en Bybelstudie hier absoluut noodsaaklik.

Daagliks verkeer ons met ander mense in gesprek. Hierdie gesprek van ons met mekaar behoort ook soms die Skrif en die werk van die kerk tot inhoud te hê. Ons kry voordurend met mense te doen wat nooit die Bybel lees nie, wat nie die eredienste bywoon nie, wat van die nagmaal wegbly, wat in die allergrootste roekeloosheid leef. Ons verwag gewoonlik dat die predikant en 'n paar kerkraadslede dit alles moet regmaak. Oneindig baie kan tereg kom as elke lidmaat net weer besef dat hy of sy sy broeder en suster se wagter is.

Ons moet met ons medemens praat oor die waarheid van die evangelie. Die mens wat die evangelie goed gehoor en geleer het en waarlik glo, kan eintlik nie anders as om voortdurend met sy mond en sy daad van die groot dade van God te praat nie. Dit was die reaksie van die herders van Betlehem nadat hulle Jesus in die krip gesien het (Luk 2:17). Dit was die reaksie van die een melaatse nadat hy deur Christus gesond gemaak is (Luk 17:15). Dit was die reaksie van feitlik elke Christen wat gedurende die eerste periode van die kerkgeskiedenis tot die geloof gekom het. Ons hoef nie soos baie ander, georganiseerd uit te trek en selfverklaarders van die Woord te wees nie. Ons moet doodgewoon die Woord deurgee soos ons dit in die Skrif verneem het, sonder kommentaar, want die gewone lidmaat is nie amptelik verklaarder van die Woord nie.

Hierdie taak kan wel gesistematiseer word deurdat die lidmate wel periodiek bymekaar kan kom en onder leiding van die dienaar van die Woord bepaalde sake bespreek.

Ook wat die siekes en die oues van dae en alle mense in nood betref, is dit die taak van die gewone lidmaat om doodgewoon naas sy medemens in nood te gaan staan, om doodgewoon met hom oor die troos wat daar vir ons almal in Christus is, te spreek.

Ek wil hier 'n enkele praktiese opmerking maak wat wys op die daadgetuienis. As ek Sondagoggend opstaan, aantrek, my gesangboek vat en kerk toe gaan, is ek 'n getuie vir Christus; sê ek deur daardie daad van my vir die wêreld: So maak 'n Christen op Sondag. Hy gaan kerk toe.

Priesterlike Taak

Naas profeet is elke gelowige geroep om priester te wees. Ek is nie tot priester gesalf om enige soenoffer te bring nie – dit het Christus reeds klaar gedoen – maar om uit dankbaarheid my lewe aan God en sy diens toe te wy. Die priesterskap van die gelowiges hou 'n lewe in wat gekenmerk is deur offerandes en selfopoffering wat uit dankbaarheid gedoen word. Dit bestaan uit 'n lewe van geloof en gehoorsaamheid aan God; ontferming ook wat die stoflike betref, oor mense in nood, die gee van offergawes en die lofprysing van God se Naam deur belydenis en gebed.

Koninklike Taak

Die koninklike roeping hou vir elke gelowige in: Dat hy teen die sonde sal stry en sy lewe tot 'n lewe soos voorgeskryf in die Bybel sal omvorm. Petrus roep die gelowiges in sy eerste brief op om die deugde van Christus te verkondig (I Pet 2:9) deur alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery af te lê, en dat hulle soos pasgebore kindertjies sterk na die onvervalste melk van die Woord sal verlang, dat hulle daardeur kan opgroei (I Pet 2:1, 2).

Dit is baie maklik om te "preek", maar om die dinge te doen soos wat dit so pas uiteengesit is, om elke dag in die wêreld te leef as profete, priesters en konings, in ons lewe van elke dag, in ons werk op kantoor, in die klas, in die koshuis, op die sportveld en tussen ons vriende, is juis die moeilike. Dit is juis die dinge wat ons die meeste probleme gee.

Dit is maklik om af en toe 'n opspraakwekkende ding te doen. En ons hou daarvan om baie keer net dinge te doen wat aandag trek. Ons moet egter oppas vir hierdie "tref en trap" geloof. Ons moet nie die fout maak om te dink dat 'n mens nét 'n gelowige kan wees as jy ten minste "preek" of een of ander uitsonderlike ding doen nie. In ons gewone lewe van elke dag is daar méér as wat ons as gelowiges kan doen.

HAUM Posbus 460, Pretoria